

Christi ystervrou met talente

Christi Boshoff is 'n talentvolle Heilbronner wat hier reg onder ons neuse sit. Sy is gebore 'n Marais en is die jongste dogter van vier van Sampie en Susann Marais van Heilbron. Christi het nog altyd 'n begeerte vir kuns gehad en in standerd 8 se vierde kwartaal wou sy met alle mag uit die huishoudkundeklas skuif na die houtwerk-klas. Nadat haar juffrou vasgeskop het daarteen het sy maar gewag tot standerd 9. In haar matriekjaar het sy die houtwerkklas ingestap en die einde van die jaar met die beker vir die beste presteerder daaruit. Na skool het sy by die TUT in Pretoria gaan studeer waar sy in 2006 haar nasionale diploma B Tech in per-dewetenskap gekry het. In 2007 trou sy met haar skoolleefde Chris Boshoff en is vandag 'n ma van drie kinders. Christi het haar talent begin uitoefen waar haar eerste projek 'n lig-skerm en boekrak was. In 2010 het sy vir ongeveer drie maande gespoeg en gespartel om 'n perdestandbeeld uit metale te omskep met slegs 'n blikkêr. "Dit het baie *elbow grease* gevat". Na vyf jaar se vra het sy uiteindelik haar pa oorreed en het sy haar eerste 'n Plasma-snyer gekry. Hier het die talente behoorlik begin ontwikkel. Die Plasma-snyer sny meeste metale onderandere staal, allim-inium, koper en vreklose staal. Christi gebruik 0,6mm tot en met 3mm dikte staal om haar produkte te maak. Die Plasma-snyer wat sy met 'n kompressor gebruik, werk deur 'n elek-triese boog wat die lug deur stuur wat dan deur die opening beweeg. Dit verhoog dan die lug tot 'n punt waar hy met spoed die materia-al bereik en deur hom sny. Voordat Christi 'n produk vir 'n klient maak, ontwerp sy dit eers op die rekenaar tot die kliënt se vereistes. Die finale produk teken sy dan op die plaat en skryf dan vryhand met die Plasma-snyer. Sy werk glad nie met stensils nie – sy doen alles vryhand. In Augustus 2016 het Christi haar klaar gemaakte produkte wat grawe, sae en

windpomp horlosies insluit, bekend gestel by die SARCD A expo. Sy het ook vir 'n jaar die produkte verkoop by En-Style in Parys. Tans jaag sy haar droom nog net deelyds na. Sy werk in die oggende by Packo RSA en in die middag spandeer sy haar vrye tyd tussen ma-wees en perde deur. Sy voorsien ook tans naamborde vir plase wat haar besig hou. Toekomsdrome is dat sy by Kamers & Makers kan inkom en selfs winkels kan begin in toeriste dorpie. Vir meer inligting rondom hierdie talent van Christi Boshoff, besoek gerus haar Facebook-blad by facebook@ironhorzedesigns.



Christi Boshoff besig om 'n produk te maak.



Die perdestandbeeld wat Christi met 'n blikkêr gemaak het.



Klaargemaakte produkte.



Die Plasma-snyer wat Christi gebruik.



Christi Boshoff - 073 141 8009



Klaargemaakte produkte.

Tuinbou kuier by Christi



Op die foto voor vl: Mari Myburgh en Christi Boshoff. Agter vl: Gerda Myburgh, Joyce Claassen, Anet Malherbe, Nonna Roos en Nellien Scheepers.

Op Woensdag oggend het die Huis- en Tuinbou-klub by Christi Boshoff op die plaas bymekaar gekom. Heerlike wafels met lekkernye is geniet terwyl tuinbou wenke uitgedeel is. Renet van Rooyen het ook van haar unieke uitrustings uitgestal. Nonna Roos het gedemonstreer hoe om jou blomme te rangskik. Selfs watter planne beraam kan word as jy nie blomme het vir die kuiergastene. Sy het ook gewys wat om met papierblomme te doen vir 'n partytjie. Daarna het hulle 'n toer saam Christi Boshoff gehad wat hul meer vertel het oor haar talente. Die dag is afgesluit met nagereg.



Heilbron Herald

OUTDOOR BRANDING
Valid Until 15 March 2018
058 852 3033 | heraldgraphics2@heilbron.co.za

COMBO 1

- 1x Aluminium Gazebo (3m x 3m)
- 2x Pop-up Banners (1.5m x 0.7m)
- 2x Director Chairs
- 4x 3m Telescopic Banners (Singlesided)
- 1x Folding Table
- 1x Fitted Table Cloth

Was R14,695.00
Nou **R12,995.00**
Excl VAT
Spaar R1,500.00

COMBO 2

- 1x Parasol with base (2m x 2m)
- 2x Pop-up Banners (1.5m x 0.7m)
- 2x Director Chairs
- 2x 3m Telescopic Banners (Singlesided)

Was R7,495.00
Nou **R6,495.00**
Excl VAT
Spaar R1,000.00

ALL PRICES INCLUDE FULL COLOUR PRINT
PRICES EXCLUDES VAT AND DESIGN COST